

Voorwoord

Die kerk speel 'n belangrike rol in die lewe van 'n gelowige. Kinders het die voorreg om saam met hulle ouers deel te wees van die gemeente en al sy aktiwiteite. Ons wil graag hierdie jaar gebruik om kinders bewus te maak van die Kerk en die gemeentelewe.

Die doel is dat hulle gelei sal word om te besef dat dit wat in 'n gemeente gebeur, begrond word in die Bybel. Hulle moet gebring word tot die besef dat dit wat in die Kerk gebeur die geloofshandeling van die gelowiges is en dat dit 'n getuienis is van hulle verhouding met God.

Ons moet met die manier waarop ons voorberei en die klas aanbied die kinders laat deel in die vreugde om die Here te dien. Ons gesindheid moet die kinders en hulle ouers positief beïnvloed om aktief aan die gemeente-aktiwiteite deel te neem.

Bybelteleskoop, dit is 'n DVD met kaarte, prente, artikels, elektroniese Bybelteks, tydlyne, ensovoorts, kan by SENTIK aangekoop word. Dit is 'n handige hulpmiddel om die aanbieding van klasse makliker en interessanter te maak.

Gebruik hierdie jaar om die kinders 'n liefde vir hulle Kerk en die gemeente te leer. Leer hulle dat die gemeente dié tuiste is waar gelowiges saam met ander hulle verhouding met God uitleef.

Ds Adriaan Roets
Hoofsamsteller

So werk die kategese

Die kategesereeks waarvan hierdie boek deel is, werk op die volgende basis: Daar bestaan drie fasegroepe van graad R tot by graad 10. Graad R tot graad 3 vorm die eerste fase, graad 4 tot graad 7 die tweede fase, en die laaste fase is graad 8 tot graad 10. Daar word deurgaans vier tipes lesse in elke boek vir alle grade aangebied.

- **Gradles**

'n Gradles is 'n les wat vir die kinders van daardie spesifieke graad geskryf is. Dit is 'n gewone les soos ons dit altyd geken het en word op die gewone manier aangebied. Die getal lesse wissel van twee tot drie per kwartaal. Waar daar net twee lesse is, is die derde een altyd 'n hersieningsles.

- **Gesinsles**

'n Gesinsles is ook vir kinders van 'n spesifieke graad geskryf, maar met die verskil dat die hele gesin die geleentheid bywoon. Dit word een keer per kwartaal aangebied. In die lig hiervan moet

ouers gewoon gemaak word om as deel van die nakoming van hulle doopbelofte hierdie deel van die kategeese saam met hulle kinders deur te maak. 'n Gesinsles is altyd so saamgestel en word so aangebied dat die hele gesin daarby betrokke raak. Die fokus van hierdie lesse val op gesins- en ouer-kind-verhoudings. Die betrokkenheid van gesinne in die hele gemeenteopset word ook hier veronderstel. Omdat ouers bewus moet wees wanneer hulle die lesse moet bywoon, moet kategete reeds aan die begin van die jaar datums aan die ouers voorsien en hulle kort voor die les weer herinner.

- **Faseles**

Faselesse word vir al die kinders van 'n spesifieke fase aangebied: graad R tot graad 3, of 4 tot 7, of 8 tot 10. Hier val die klem op gemeenskaplike sake wat relevant is vir kinders van daardie fase. Aldrie of alvier kategete van 'n spesifieke fase moet dus seker maak dat roosters nie bots nie en wie verantwoordelik gaan wees vir die aanbieding van daardie les. Ter wille van die samehorigheidsgevoel en dissipline, moet aldrie of alvier kategete teenwoordig wees wanneer die les aangebied word.

- **Praktykles**

'n Praktykles is 'n les wat ten doel het om ons geloofskennis te laat uitmond in fisiese geloofsdade in die praktyk soos ons lees in Jakobus 2: 17: *So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot daad oorgaan nie, is dit sonder meer dood.* Daar moet by hierdie lesse daarop gelet word dat dit soms baie voorbereiding verg in die sin dat afsprake met individue of instansies gemaak moet word, reëlins getref moet word met betrekking tot vervoer, ensovoorts. Kyk reeds aan die begin van die jaar na al die praktiese lesse, en tref betyds reëlins na die aard van elke les.

'n Slotwoord van my kant af: Mag jy vanjaar met jou betrokkenheid by kinders krag, insig, geloof en verantwoordelikheid van die Here ontvang. In Christus se voetspore sit jy deur die leiding van die Heilige Gees as't ware ook jou arms om kindertjies, lê hulle die hande op en seën hulle. So verkry jy 'n eervolle plek in die gemeente, groot sekerheid in jou geloof in Christus Jesus, en sal jy na hierdie lewe deel in die vreugde van jou Here.

Dr Hannes Beukes
Hoofredakteur

Medewerker

Mev Erika Pretorius